


Strooikussings, deken en kwilt van Woolworths

**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 5/10
**Vaardigheidsvlak** 3/10
**Tyd nodig** Naweek

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**
- Tjhoko Stencil of Paris (ons het vier 290 ml-potjies gebruik)
- muurverf in die kleur van jou keuse

**GEREEDSKAP**
- leer
- maatband
- stensil van jou keuse
- maskeerband
- waterpas
- potlood
- verfskraper
- 100-grint-skuurpapier
- wattestokkies
- nat lap
- langpool-verfroller

**SÓ MAAK JY**

# GEE DIT tekstuur

Al wat jy kort vir lieflike tekstuur teen 'n muur is 'n stensil, pasta en 'n bietjie geduld.

*Deur* **Wicus Pretorius** • *Foto's* **Francois Oberholster** • *Stilering* **Shelly Bergh**

*Bietjie geskuur*


*... meer geskuur*

**As jy nie die voorkoms van geverfde plakpapier (soos op die foto) verkies nie, kan jy die muur met 100-grint-skuurpapier skuur – hoe meer jy skuur, hoe meer sal die wit Stencil of Paris deurslaan! As jy wil, kan jy eers die muur verf en dan die wit Stencil of Paris aanwend vir 'n baie meer dramatiese effek.**





## Stap vir stap ...













**1** Meet die breedte van jou muur en merk die middel daarvan deur met 'n potlood en waterpas 'n lyn van bo tot onder te trek. Dié lyn is jou merker waarteen jy die stensil gaan posisioneer wanneer jy die Stencil of Paris aanwend. As jy van die middel af buitentoe werk, sal die patroon simmetries wees.
**2** Klim op jou leer; begin bo teen die plafon en werk van daar af ondertoe. Heg die stensil stewig met maskeerband teen die muur. Merk met die potlood waar die stensil eindig aan die onderkant en aan die linkerkant; dié lyne gaan jou gids wees wanneer jy die stensil skuif namate jy ondertoe werk en ook wanneer jy met 'n nuwe ry stensils langsaan begin.
**Wenk** As jou stensil nie simmetries is nie, maak seker dat jy dit telkens op dieselfde manier teen die muur heg, anders kan die patrone in van jou blokke "verkeerdom" wees.











**3** Wend die Stencil of Paris-pasta met 'n verfskraper of ou kredietkaart aan. Pas genoeg druk toe dat die pasta die openinge van die stensil netjies vul. Skraap oortollige Stencil of Paris van die stensil af en krap dit terug in die potjie.
**4** Trek die stensil nou versigtig van die muur af. Maar pasop, die pasta is nog nat, so moenie daaraan raak nie.
**5** Posisioneer nou die stensil reg onder die blok wat jy pas gestensil het – gebruik die lyne wat jy in stap 2 getrek het as gids. Moet jou nie kwel oor die potloodlyne nie, want jy gaan later die hele muur verf. Indien jy die muur in 'n ligte kleur gaan verf, gebruik 'n baie ligte potlood wat nie sal deurslaan nie. Herhaal stap 3 en 4 sodat jy 'n netjiese ry stensilblokke onder mekaar skep.
**Wenke** Verwyder enige pasta wat buite die patroon op die muur beland het met 'n wattestokkie. Was jou stensil ná elke vierde blok in 'n emmer water, veral as die stensil fyn openinge het. Die Stencil of Paris sit daarin vas, wat die stensileffek kan bederf.








**6** Sodra jy een hele ry stensils van bo tot onder aangebring het, skuif jou leer na links en herhaal stappe 2 tot 5. Wanneer die hele linkerkant van die muur klaar is, herhaal dieselfde stappe regs van die middellyn. Laat die Stencil of Paris droog word (minstens 4 uur) en verf dan die muur in die kleur van jou keuse; ons het Dulux Rich Matt in die kleur Sapphire Springs 2 gebruik.

**OPSIONEEL (*sien inlas oorkant*)** Wanneer die verf droog is, skuur die hele muur liggies met 100-grint-skuurpapier. Die wit Stencil of Paris sal effens deurslaan, wat jou muur 'n ryk tekstuur sal gee.

Waar die muur aan die kante (ook bo en onder) eindig, sal jy nie altyd heel blokke kan stensil nie. Moenie jou stensil knip nie; posisioneer dit so dat jy die smal stroke aan die kante met Stencil of Paris kan invul.

**VERSKAFFER Woolworths** 0860 022 002, woolworths.co.za